



**NOTULE VAN 'N VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU IN DIE BANKETSAAL, MALMESBURY OP WOENSDAG, 19 APRIL 2023 OM 14:00**

---

**TEENWOORDIG:**

Uitvoerende Burgemeester, rdh J H Cleophas (voorsitter)  
Uitvoerende Onderburgemeester, rdl J M de Beer

Lede van die Burgemeesterskomitee:

Rdl D G Bess  
Rdl N Smit  
Rdh T van Essen

Ander raadslede:

Die Speaker, rdl M A Rangasamy

Beampes:

Waarnemende Munisipale Bestuurder, me J S Krieger  
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M Bolton  
Direkteur: Siviele Ingenieursdienste, mnr L D Zikmann  
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr T Möller  
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche  
Snr Bestuurder: Strategiese Dienste, me O Fransman  
Bestuurder: Sekretariaat en Rekordsdienste, me N Brand

**1. OPENING**

Die Uitvoerende Burgemeester verwelkom lede en versoek rdl D G Bess om die vergadering met gebed te open.

**2. VERLOF TOT AFWESIGHEID**

Dat **KENNIS GENEEM** word van die verskonings ontvang vanaf rdl A K Warnick, die Munisipale Bestuurder en die Direkteur: Beskermingsdienste.

**3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE**

Geen.

**4. NOTULES**

**4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 22 MAART 2023**

**BESLUIT**

(op voorstel van rdl J M de Beer, gesekondeer deur rdl N Smit)

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 22 Maart 2023 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word.

**5. OORWEGING VAN AANBEVELINGS UIT DIE NOTULE**

**5.1 NOTULE VAN PORTEFEULJESKOMITEESVERGADERING GEHOU OP 12 APRIL 2023**

**5.1.1 MUNISIPALE BESTUUR, ADMINISTRASIE EN FINANSIES**

**BESLUIT**

(op voorstel van rdl N Smit, gesecondeer deur rdl D G Bess)

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

**5.1.2 SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE**

**BESLUIT**

(op voorstel van rdl N Smit, gesecondeer deur rdl D G Bess)

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

**5.1.3 ONTWIKKELINGSDIENSTE**

**BESLUIT**

(op voorstel van rdl N Smit, gesecondeer deur rdl D G Bess)

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

**5.1.4 BESKERMINGDIENSTE**

**BESLUIT**

(op voorstel van rdl N Smit, gesecondeer deur rdl D G Bess)

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

**6. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES**

Geen.

**7. NUWE SAKE**

**7.1 WYSIGINGS AAN DIE 2022/2023 DIENSLEWERING- EN BEGROTING-IMPLEMENTERINGSPLAN (SDBIP) (2/4/2)**

Die Dienslewering- en Begrotingimplementeringsplan (SDBIP) vir die 2022/2023 finansiële jaar is op 15 Junie 2022 deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee goedgekeur.

Die goedkeuring van die 2022/2023 Spesiale Aansuiweringsbegroting deur die Raad op 30 Maart 2023 noodsaak wysigings aan die SDBIP.

**BESLUIT**

(op voorstel van rdl N Smit, gesecondeer deur rdh T van Essen)

Dat die gewysigde Dienslewering- en Begrotingimplementeringsplan (SDBIP) vir die 2022/2023 finansiële jaar in terme van artikel 54(1)(c) van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur (Wet 56 van 2003) goedgekeur word.

**7.2 SWARTLAND MUNISIPALITEIT: BELEID INSAKE GEÏNTEGREERDE OPWEKKING (16/2/B)**

Die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste verduidelik die doelwitte van die Beleid insake Geïntegreerde Opwekking.

Die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste noem dat die beleid die insluiting van geïntegreerde opwekking by die netwerk fasiliteer om die kraggehalte en veiligheid van die stelsels te verseker, asook om kwessies rakende die inkomstebronne van die Munisipaliteit aan te spreek. Die beleid ondersteun die plaaslike hernubare energiebedryf en groen ekonomie en gepaardgaande werkskepping.

## 7.2/...

Rdh T van Essen versoek dat die implementering van die beleid teruggehou word totdat die publiek behoorlik ingelig is aangaande die nuwe beleid met behulp van die 1-bladsy inligtingstuk. Lg. sal ook aan alle wyksraadslede en wykskomiteelede gesirkuleer word.

**BESLUIT**

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl D G Bess)

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die voorgestelde Beleid insake Geïntegreerde Opwekking (Embedded Generator Policy) goedkeur vir implementering in die munisipale jurisduksiegebied met onmiddellike effek, onderhewig aan die bekendmaking van die beleid aan die publiek met behulp van die 1-bladsy inligtingstuk;
- (b) Dat kennis geneem word dat die delegasies deur die Munisipale Bestuurder ingevolge paragraaf 10 van die Beleid, ingesluit sal word by die Munisipale Bestuurder se Stelsel van Delegasies wat tydens die Mei 2023-vergadering van die Raad vir kennisname voorgelê sal word.

### 7.3 **VOORLEGGING VAN KONSEP VERORDENING INSAKE ELEKTRISITEITS-VOORSIENING (1/1, 1/1/3/16)**

Die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste verduidelik die wysigings aan die Elektrisiteitsverordening, wat hoofsaaklik handel met die regulering van geïntegreerde opwekking, tolkragverspreiding (wheeling) en die herverkoop van elektrisiteit.

Die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste noem dat ander geringe wysigings aangebring is ten einde die verordening in lyn te bring met die beginsels van die Electricity Regulation Act (Act 4 of 2006 – slegs uitgegee in Engels).

Die Direkteur: Korporatiewe Dienste bevestig dat daar melding gemaak sal word van die betrokke beleide waaruit die wysigings aan die verordening voortspruit gedurende die publieke deelnameproses vir insette en kommentaar.

**BESLUIT**

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl D G Bess)

- (a) Dat goedkeuring verleen word dat die volgende konsepverordening op 26 April 2023 aan die Raad voorgelê word vir aanvaarding in beginsel:
  - Swartland Munisipaliteit: Verordening insake Elektrisiteitsvoorsiening;
- (b) Dat, na beginselgoedkeuring deur die Raad, die konsep verordening vir publieke kommentaar geadverteer word in terme van artikel 12(3)(b) van die Stelselwet, 2000, in die plaaslike media sowel as op die munisipale webtuiste.

### 7.4 **MENSLIKE HULPBRONNE: NUWE BELEID EN HERSIENING VAN BESTAANDE BELEID (4/2/B)**

Die nuwe Munisipale Personeelregulasies noodsaak die samestelling van 'n aantal nuwe beleide, asook die hersiening van bestaande beleide om te voldoen aan die vereistes soos bepaal deur die Regulasies.

Die konsep Vaardigheidsontwikkelingsbeleid en nuwe T.A.S.K. Posevalueringsbeleid is aan die Arbeidsforum voorgelê en beide vakbonde – Imatu en Samwu – het geleentheid gehad om daarop kommentaar/insette te lewer. Die finale konsep beleide is op 23 Maart 2023 aan die vakbonde voorgelê en word die beleide aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee aanbeveel vir oorweging en goedkeuring.

**BESLUIT**

(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die aangehegte gewysigde Vaardigheidsontwikkelingsbeleid goedkeur met ingang van 1 Mei 2023;

7.4/...

- (b) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die aangehegte nuwe T.A.S.K. Posevalueringsbeleid goedkeur met ingang van 1 Mei 2023.

#### **7.5 KWARTAALVERSLAG INSAKE DIE PRESTASIE VAN KONTRAKTEURS (8/1/B/2)**

Die verslag ten opsigte van die kwartaallikse prestasie-evaluering van kontrakteurs wat ingevolge die Voorsieningkanaalbestuursbeleid aangestel is, word voorgelê ter voldoening aan artikel 116(2) van die MFMA en die kernprestasie-indikator van die Munisipale Bestuurder.

##### **BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die kwartaalverslag insake die Prestasie van Kontrakteurs vir die periode 1 Januarie 2023 tot 31 Maart 2023.

#### **7.6 VERSLAG INSAKE DIE IMPLEMENTERING VAN DIE VOORSIENINGKANAAL-BESTUURSBELEID VIR DIE PERIODE 1 JANUARIE 2023 TOT 31 MAART 2023 (8/1/B/2)**

'n Verslag insake die implementering van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid moet op 'n kwartaallikse basis ingevolge paragraaf 6(3) van die Munisipale Voorsiening-kanaalbestuursregulasies aan die Uitvoerende Burgemeester voorgelê word.

Die verslag vir die periode 1 Januarie 2023 tot 31 Maart 2023 is met die sakelys gesirkuleer.

##### **BESLUIT**

- (a) Dat kennis geneem word van die kwartaallikse verslag aangaande die implementering van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid vir die periode 1 Januarie 2023 tot 31 Maart 2023, wat ingevolge artikel 6(3) van die Regulasies voorgelê moet word asook die verslae van die Formele Tenders (Aanhangsel A), Informele Tenders (Aanhangsel B) en die Afwyingsverslag (Aanhangsel C);
- (b) Dat verder kennis geneem word van die dienste wat vir dieselfde periode gelewer is, met verwysing na die uitsonderings waar dit onprakties sou wees om die mark te toets en gevolglik aanleiding gegee het tot 'n afwyking van die verkrygingsprosesse ingevolge paragraaf 2(6) van die Voorsiening-kanaalbestuursbeleid (Bylae D).

#### **7.7 DARLING VELDBLOMVERENIGING: GEBUIK VAN MUNISIPALE GROND VIR JAARLIKSE VELDBLOMSKOU (12/2/R)**

'n Aansoek is ontvang vanaf die Darling Veldblomvereniging vir die gebruik van die munisipale eiendom geleë langs die Darling Museum vir die aanbieding van hul jaarlikse veldblomskou wat vanjaar vanaf 15 tot 17 September 2023 gehou sal word.

Daar word genoem dat daar met die Veldblomvereniging in gesprek getree word om in die toekoms 'n meer geskikte terrein te oorweeg, onder andere, om genoegsame parkering te voorsien.

##### **BESLUIT**

(op voorstel van rdl D G Bess, gesekondeer deur rdl N Smit)

- (a) Dat goedkeuring verleen word vir die gebruik van Erf 171, Darling vir die jaarlikse veldblomskou vanaf 15 tot 17 September 2023, met dien verstande dat 'n publieke deelnameproses deur die aansoekers deurloop word om die eienaars van eiendomme in die omgewing van die geleentheid en die detail daarvan in kennis te stel;
- (b) Dat toestemming insgelyks verleen word vir die gebruik van Erf 175 vir gemelde doel, met die instemming van die Darling Museum;

7.7/...

- (c) Dat kennis geneem word dat alle aspekte rakende verkeersbestuur, veiligheid, oprigting van die tent, ensovoorts in terme van die Swartland Munisipaliteit: Verordening insake Geleenthede soos afgekondig in Buitengewone Provinsiale Koerant 7611 van 26 April 2016, hanteer sal word.

#### **7.8 UITSTAANDE DEBITEURE: MAART 2023 (5/7/1/1)**

'n Volledige verslag van die stand van uitstaande debiteure teen einde Maart 2023 is met die sakelys gesirkuleer.

##### **BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die verslag aangaande die stand van Swartland Munisipaliteit se uitstaande debiteure vir Maart 2023.

#### **7.9 VORDERING MET UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE (5/14/3/5)**

Ingevolge die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise.

Die Direkteur: Finansiële Dienste gee agtergrond tot die gesprekke met die versekeraar om moontlike besparings op die premie te bewerkstellig.

##### **BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die stand van uitstaande versekeringseise tot en met 31 Maart 2023 soos met die sakelys gesirkuleer.

#### **7.10 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: DRINGENDE HERSTELWERK AAN MENGER BY DIE MALMESBURY WWTW (8/1/B/2)**

Die Malmesbury WWTW bestaan uit verskeie behandelingsones waarvan elkeen uit komponente van meganiese toerusting bestaan om die behandelingsproses moontlik te maak. Die menger in een van die behandelingsones het onklaar geraak en dringende herstelwerk is benodig om te verhoed dat meganiese toerusting verder af in die behandelingsproses geaffekteer word.

##### **BESLUIT**

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl D G Bess)

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge paragraaf 36(2) van die Voorsieningkanaalbestuurbeleid;
- (b) Dat verder kennis geneem word van die aksie van die Munisipale Bestuurder om goedkeuring te verleen vir die herstel van die menger in die ventilasiesone van die Malmesbury WWTW deur G W Trautman ten bedrae van R57 558,00 (BTW uitgesluit);
- (c) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures as volg is:
- (i) Die menger sou vir 'n geruime tyd buite werking gelaat word sou die normale verkrygingsprosedures gevolg word;
  - (ii) Voormelde sou aanleiding gee in die faling van die suiweringsproses en verdere skade aan meganiese komponente;
  - (iii) Die herstelwerk aan die menger is as 'n noodgeval hanteer;
- (d) Dat daar voldoende fondse beskikbaar is en dat die uitgawe ten bedrae van R57 558,00 (BTW uitgesluit) teen posnommer 9/239-851-689 verreken word;
- (e) Dat die Bestuurder: Finansiële State in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

**7.11 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: DRINGENDE HERSTELWERK AAN “PERMEATE PUMP SET” BY DIE MALMESBURY WWTW (8/1/B/2)**

Die behandelingsproses by die Malmesbury WWTW maak gebruik van membraantegnologie in die tersiêre behandelingsproses. Die deurloop van finale behandelde riool deur die membrane word verkry deur twee gesinchroniseerde pompstelsels wat negatiewe druk in die membrane skep. Een van die pompstelle het onklaar geraak wat die deurloop met 50% verlaag het en is die behandelingsproses en meganiese toerusting op risiko geplaas.

**BESLUIT**

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge paragraaf 36(2) van die Voorsieningkanaalbestuurbeleid;
- (b) Dat verder kennis geneem word van die aksie van die Munisipale Bestuurder om goedkeuring te verleen vir die herstel van die ‘permeate pump set’ by die Malmesbury WWTW deur G W Trautman ten bedrae van R99 609,00 (BTW uitgesluit);
- (c) Dat die redes vir die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures as volg is:
  - (i) Die ‘permeate pump set’ sou vir ‘n geruime tyd buite werking gelaat word sou die normale verkrygingsprosedures gevolg word;
  - (ii) Voormelde sou aanleiding gee in die faling van die suiweringsproses en verdere skade aan meganiese komponente;
  - (iii) Die herstelwerk aan die ‘permeate pump set’ is as ‘n noodgeval hanteer;
- (d) Dat daar voldoende fondse beskikbaar is en dat die uitgawe ten bedrae van R99 609,99 (BTW uitgesluit) teen posnommer 9/239-57-1041 verreken word;
- (e) Dat die Bestuurder: Finansiële State in terme van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

**7.12 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: NOOD RUGSTEUNKRAG “INVERTERS” VIR MALMESBURY VERKEERSDIENSTE, DARLING EN YZERFONTEIN HOOFKANTOOR (8/1/B/2)**

Die volgehoue hoë vlakke van beurtkrag wat tans deur Eskom geïmplementeer word het ‘n negatiewe impak op dienslewering deur die Munisipaliteit. Daar is ‘n prioriteitslys opgestel van munisipale kantore waar dit noodsaaklik is om alternatiewe noodkrag te voorsien.

Die UPS-infrastruktuur wat tans gebruik word is nie voldoende nie en sal vervang moet word met “inverters” en litiumbatterye. Daar is besluit om te begin om hierdie toerusting by Darling- en Yzerfontein munisipale kantore en die kantoor van die Malmesbury Verkeersdienste te installeer.

**BESLUIT**

(op voorstel van rdl D G Bess, gesekondeer deur rdl N Smit)

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge paragraaf 36(2) van die Voorsieningkanaalbestuurbeleid;
- (b) Dat die redes vir die afwyking van die normale aankoop proses aangeteken word as volg:
  - (i) Die voortdurende elektrisiteitskrisis het die verkryging van toerusting vir noodkragopwekking genoodsaak om dienslewering aan klantgerigte kantore by die Darling, Yzerfontein en Malmesbury Verkeersdienste te verseker;

7.12(b)/...

- (ii) Dat verder kennis geneem word van die aksie van die Munisipale Bestuurder om goedkeuring te verleen vir aankoop van 3 x 5kVA inverters with 3 x 5 kVA LifePO battery;
- (iii) Dat daar voldoende fondse beskikbaar is en dat die uitgawe ten bedrae van R180 928.20 (BTW uitgesluit) teen posnommer 9/117-563-405 verreken word;
- (c) Dat die Bestuurder: Finansiële State in terme van die Voorsiening-kanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

**7.13 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: NOOD AANKOOP VAN RUGSTEUNKRAGOPWEKKER VIR MALMESBURY VERKEERSDEPARTEMENT (8/1/B/2)**

Daar kan geen dienslewering plaasvind tydens beurtkrag by die Malmesbury Verkeersdienste nie. Met die hoë vlakke van beurtkrag wat tans ervaar word lei dit tot groot frustrasie vir die publiek, wat soms vanaf ander dorpe reis om verkeerstransaksies te kom doen.

Dit is noodsaaklik om 'n nood-kragopwekker vir die Malmesbury Verkeersdienste aan te koop ten einde volgehoue dienslewering te verseker.

**BESLUIT**

(op voorstel van rdl D G Bess, gesekondeer deur rdh T van Essen)

- (a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die afwyking van die voorgeskrewe verkrygingsprosedures ingevolge paragraaf 36(2) van die Voorsieningkanaalbestuursbeleid;
- (b) Dat die redes vir die afwyking van die normale aankoop proses aangeteken word as volg:
  - (i) As gevolg van die voortslepende elektrisiteitskrisis het 'n behoefte ontstaan om 'n nood-kragopwekker te bekom vir voortgesette dienslewering by die Malmesbury Verkeersafdeling en sodoende lede van die publiek in staat te stel om padwaardigheidstoetse te laat doen en voertuie te registreer, voertuig lisensie te hernu asook om afsprake te maak vir die hernuwing/uitreiking van bestuurslisensies;
  - (ii) Dat verder kennis geneem word van die aksie van die Munisipale Bestuurder om goedkeuring te verleen vir die aankoop van die nood-kragopwekker vir die Malmesbury Verkeersdienste-gebou;
  - (iii) Dat daar voldoende fondse beskikbaar is en dat die uitgawe ten bedrae van R259 400.00 (BTW uitgesluit) teen posnommer 9/117-563-405 verreken word;
- (c) Dat die Bestuurder: Finansiële State in terme van die Voorsiening-kanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

**7.14 BESKIKBAARSTELLING VAN NYWERHEIDSGROND TE MOORREESBURG VIR AKKERBOUOELEINDES (12/2/5/5-9/2)**

Die Munisipaliteit beskik oor ±17,7 ha grond in Moorreesburg wat jaarliks by wyse van 'n openbare mededingingsproses beskikbaar gestel word aan plaaslik Moorreesburg-gebaseerde openbare weldaadsorganisasie, wat met hetsy welsyns-, humanitêre of kulturele aktiwiteite gemoeid moet wees.

Daar is nagelaat om betyds met die openbare mededingsproses te begin en word aan die hand gedoen dat die ±17,7 ha grond aan die Koringbedryfsmuseum beskikbaar gestel word wat tot dusver jaarliks die enigste organisasie was wat voorstelle ingedien het.

7.14/...

**BESLUIT**

(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl D G Bess)

- (a) Dat goedkeuring verleen word om die grond vir akkerboudoeleindes aan die Koringbedryfmuseum beskikbaar te stel met ingang vanaf 1 Mei 2023, tot na afloop van die jaarlikse oes, op dieselfde voorwaardes as wat tot dusver gegeld het;
- (b) Dat daar met die museum ooreengekom word om kompensasie in hierdie verband te betaal teen 'n bedrag wat nie minder sal wees as die R800,00 wat vir die 2022/23 oesjaar aangebied was nie.

**7.15 HUUR VAN AKKOMMODASIE VIR DIE BRANDWEERDIENS TE DARLING (12/1/2-3)**

Die item het reeds op 18 Januarie en 15 Februarie 2023 voor die Uitvoerende Burgemeesterskomitee gediën en het die verslag ten doel om die huurtermyn te bevestig.

**BESLUIT**

(op voorstel van rdl J M de Beer, gesekondeer deur rdl D G Bess)

- (a) Dat die aanbod van JF & KJ Kirsten Trust vir die huur van akkommodasie vir die Brandweerdienste in Darling as volg aanvaar word:
  - (i) vanaf 1 Julie 2023 tot 30 Junie 2024 die huurbedrag van R8 500.00 plus 'n eenmalige deposito van R15 000.00 wat terugbetaalbaar is – uitgesluit munisipale dienste (elektrisiteit, water en riool);
  - (ii) vanaf 1 Julie 2024 tot 30 Junie 2025 die huurbedrag betaal gedurende die voorafgaande periode plus die inflasiekoers soos op 30 Junie 2024 plus 1%;
  - (iii) vanaf 1 Julie 2025 tot 30 Junie 2026 die huurbedrag betaal gedurende die voorafgaande periode plus die inflasiekoers soos op 30 Junie 2025 plus 1%;
- (b) Dat 'n huurooreenkoms met JF & KJ Kirsten Trust vir die periode 1 Julie 2023 tot 30 Junie 2026 (36 maande) aangegaan word met die opsie om die huurooreenkoms te hernu, onderhewig daaraan dat die verhuurder die korrekte grondgebruikregte bekom;
- (c) Dat die uitgawe teen posnommer 9/232-954-2932 (Huur van Kantore: Brandweerdienste) verreken word.

**7.16 MENSLIKE HULPBRONNE: WERKPLEKVAARDIGHEIDSPAN (4/2/B)**

Die Werkplekvaardigheidsplan is een van die beleide wat ingevolge die nuwe Munisipale Personeelregulasies hersien moet word om te voldoen aan die vereistes soos bepaal deur die Regulasies.

Die plan (ingesluit die jaarlikse opleidingsplan) is aan die vakbonde voorsien vir kommentaar en insette en tydens 'n vergadering op 6 April 2023 aanbeveel vir goedkeuring aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee.

**BESLUIT**

(op voorstel van rdl N Smit, gesekondeer deur rdl J M de Beer)

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die aangehegte Vaardigheidsontwikkelingsplan en Jaarlikse Opleidingsverslag goedkeur met ingang van 1 Mei 2023.

**7.17 EERSTE WYSIGING AAN DIE 2022/2023 MIG-PROJEKIMPLEMENTERINGSPLAN (5/9/2/6/1)**

Die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste noem dat enige wysigings aan die MIG-projekimplementeringsplan deur die Raad goedgekeur moet word.



7.17/...

Die wysigings behels 'n herallokering van fondse tussen die MIG-geregisteerde projekte, aangesien die straatkonstruksieprojek vertraag is.

**BESLUIT**

(op voorstel van rdh T van Essen, gesekondeer deur rdl N Smit)

- (a) Dat kennis geneem word daar 'n vertraging was met die aanvang van die konstruksie van strate projekte, wat gevolglik 'n aanpassing van die beplande besteding vir 2022/2023 vereis;
- (b) Dat, ten einde die MIG-projekte suksesvol te implementeer daar 'n herallokering van fondse tussen die geregistreeerde MIG-projekte gedoen moet word, en dat die 2022/2023 MIG-projekimplementeringsplan dienooreenkomstig gewysig word;
- (c) Dat die volgende projekte en begrotings vir die eerste gewysigde MIG-projekimplementeringsplan vir die 2022/2023 finansiële jaar goedgekeur word:

<b>Nr</b>	<b>Project</b>	<b>MIG Ref.</b>	<b>Budget</b>
1	Rehabilitate Water Networks	WC1287/W/14/17	R 2 217 712
2	De Hoop Development: External Water Supply	WC1864/W/21/24	R 2 464 000
3	De Hoop Development: Upgrade Bulk Water Supply	WC1865/W/21/25	R 19 177 500
4	Malmesbury: Rehabilitation of Roads	WC1765/R.ST/19/23	R 1 250 788
5	Abbotsdale: Construction of Roads	WC1858/R.ST/22/25	R 1 570 489
6	Abbotsdale: Construction of Roads Phase 2	WC/1912/R.ST/22/25	R 1 447 316
7	Malmesbury: Ilingeletu: Construction of Roads	WC1859/R.ST/22/25	R 228 019
8	Ilingeletu Construction of Roads Phase 2	WC/1911/R.ST/22/25	R 461 112
9	Chatsworth: Construction of Roads	WC1862/R.ST/22/25	R 810 795
10	Riebeeck West: Construction of Roads Phase 2	WC/1909/R.ST/22/25	R 1 636 682
11	Kalbaskraal: Construction of Roads Phase 2	WC/1913/R.ST/22/25	R 2 545 587
		<b>Total</b>	<b>R 33 810 000</b>

- (d) Dat die gewysigde MIG-projekimplementeringsplan aan die Departement van Samewerkende Regering en Tradisionele Sake beskikbaar gestel word.

**(GET) J H CLEOPHAS**  
**UITVOERENDE BURGEMEESTER**